**MONTANAPARK SELGROEP**

**TEMAS VIR TWEEDE HELFTE VAN 2023**

**Soteriologie**: Die lering vir die tweede helfte van 2023 gaan oor die sentrale tema van die Bybel – God se liefde vir die mens, wie Hy met Hom versoen deur **redding** (Engels: salvation) deur sy Seun, Jesus Christus. Die studie van Soteriologie (soteria [Grieks: σωτηρία]) is 'n onderafdeling van Sistematiese Teologie.

Sistematiese Teologie is die studie van spesifieke temas in die Woord op 'n logiese of sistematiese manier, vanaf Genesis to Openbaring. Ons begin by begin en sien regdeur tot aan die einde van die Woord hoe God begeer om die mens met Hom te versoen, ten spyte van ons ongehoorsaamheid.

**Ysbrekers**: Daar is steeds elke week 'n ysbreker.

**Rotasie**: Dit mag gebeur dat die selgroep soms na ander huise skuif, en daar is niks mee verkeerd nie. Dit mag wees as gevolg van verjaarsdae of logistiese redes, dalk bloot 'n nuwe omgewing.

**Biduur**: Elke maand is daar een biduur. Ons gaan Jesus op sy woord neem deur een hele uur met Hom in gebed te spandeer.

**Oop temas en vrae wat pla**: Die oop temas gee ons die geleentheid om oor aspekte te praat wat ons oor wonder. Voel vry om jou vrae wat pla vroegtydig deur te gee sodat ek antwoorde kan voorberei. Ek mag dalk 'n gasspreker nooi om van hierdie temas te hanteer.

Stuur sommer nou al jou vrae, dan kan ek vroegtydig daaraan aandag gee.

**Lesings**: Vir elke lesing oor Soteriologie en andersins gee ek die inligting in gedrukte vorm, en stuur 'n skakel na waar die tema verder bespreek word. Ek gaan ook vir julle Henry Thiesen se Systematic Theology in PDF formaat gee. Ons gaan nie elke teks of beskrywing deurwerk nie, maar eerder oorsigtelik gesels, sekere dele uitlig, en dan die res vir jou los as jou Bybelstudie vir die week.

**Program vir die jaar**: Hierdie is die beoogde program. Omstandighede mag veroorsaak dat dit verander, en ons sal aanpas soos nodig.

- Julie
    - 19 Julie: Soteriologie 01: **Die val van die mens**: God se doel, plan, en metode om die mens weer met Hom versoen te kry.
    - 26 Julie: Soteriologie 02: **Die vleeswording**: Emmanuel, God met ons. God kom na ons toe in 'n vorm waarmee ons kan identifiseer.

- Augustus
    - 02 Augustus: Soteriologie 03: **Die dood van Jesus Christus**: Waarom moes dit juis so gebeur?

    - 09 Augustus: Biduur: Ons leer hoe om een uur op te deel en effektief te bid, volgens die model wat Jesus gebruik het.
    - 16 Augustus: Soteriologie 04: **Die opstanding van Jesus Christus**: Die feite, en hoe hierdie feite vandag nog ontken word.
    - 23 Augustus: Soteriologie 05: **Die werk van die Heilige Gees**: Jesus is vir 2000 jaar al nie liggaamlik hier nie, maar Hy is nog steeds hier deur sy Gees
    - 30 Augustus: Biduur

- September

    - 06 September: Oop tema: Vrae wat pla
    - 13 September: Soteriologie 06: **Uitverkiesing en Roeping**: God het jou nie tot die hel bestem nie, maar jy het 'n keuse waarmee Hy nie gaan inmeng nie.
    - 20 September: Biduur
    - 27 September: Soteriologie 07: **Bekering en sonde belydenis**: Dit gaan nie oor 'n kort gebedjie nie.

- Oktober

    - 04 Oktober: Valse leerstellings: Valse Apostels en Profete van Ons Tyd – die duiwel saai onmin eerder in die kerk as wat hy dit êrens elders doen.
    - 11 Oktober: Soteriologie 08: **Regverdigmaking van die gelowige**: Jy is regverdig verklaar, selfs al was jy skuldig.
    - 18 Oktober: Biduur
    - 25 Oktober: Soteriologie 09: **Regenerasie**: Die ou dinge is verby; alles het nuut geword.

- November

    - 01 November: Oop tema: Vrae wat pla
    - 08 November: Soteriologie 10: **Vereniging en aanvaarding met Christus**: Hy het jou nie gered net om jou weer te los nie. Jy is onlosmaaklik deel van Hom.
    - 15 November: Biduur
    - 22 November: Soteriologie 11: **Heiligmaking**: Jou fokus nou en vir die toekoms.
    - 29 November: Soteriologie 12: **Volharding te midde van aanslae**: Jesus het nooit gesê wedergeboorte en geloof gaan jou vrywaar van probleme nie.

- Desember

    - 06 Desember: Soteriologie 13: **Die metode van genade**: God se genade vir die mens word verwesenlik deur in 'n verhouding met Hom te leef, waarin gebed uiters belangrik is.
    - 13 Desember: Oop tema: Vrae wat pla

Ek sal julle kommentaar en/of terugvoer waardeer.